Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

# DIE SKIETLOOD

227e Uitgawe 21 Junie 2024
saam met Koersvas 227

## FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE?

Tersiêre instellings waar daar tradisioneel predikante van kerke wat dieselfde belydenis deel, opgelei is, het vroeër as ‘n Teologiese Fakulteit bekend gestaan. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het dan ook so ‘n ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria gehad en het teologiese opleiding van die kerk se predikante sedert 1917 by die Fakulteit Teologie, Afdeling A geskied. Die kerk het ook onder andere, insae gehad in die aanstelling van dosente en die bepaling van die kurrikulum. Daardie selfde fakulteit se naam is intussen verander na die Fakulteit Teologie en Religie in ooreenstemming met die praktyk elders in Suid-Afrika en die wêreld.

Dit noodsaak ons om te vra na hoe die mens God kan ken en daarom die verband al dan nie, tussen teologie en religie. ‘n Paar gesaghebbende teoloë se menings is geraadpleeg.

Hendrikus Berkhof (1914-1995), ‘n dogmatikus, dui in sy werk *Christelijk geloof,* (Callenbach, 1990) aan dat die Christelike geloof nie ‘n verbesondering van die algemene verskynsel religie is nie, ook nie dat dit harmoniserend daarby aansluit nie. Hy lê klem op die diskontinuïteit tussen religie en geloof.

Die Christelike geloof is nie te verstaan as ‘n verbesondering van die algemene verskynsel, religie nie. Dit is ‘n gawe van die Heilige Gees volgens Berkhof en vrug van die uitverkiesing – dit is die resultaat van ‘n besondere openbaring. Die vraag waarmee die teoloog gekonfronteer word, is hoe hy, deur sy wetenskaplike arbeid, ‘n toegang kan oopmaak na hierdie saak, wat homself aanbied as ’n sprong in ‘n vreemde wêreld. Berkhof glo dat hy die sprong kwalitatief en ook kwantitatief kleiner maak deur by die kontinuïteit tussen religie en geloof aan te sluit – by wat hy die *oneindigheidsdrang* by die mens noem. Daar is dus ‘n aanknopingspunt of ‘n aansluitingspunt: Die soeke na lewe.

Die Switserse teoloog Karl Barth, het die noodsaak en selfs die wenslikheid van hierdie aanknopingspunt heftig ontken en teengestaan. Volgens hom maak sodanige aanloop tot die sprong, die sprong nie makliker nie – dit bly ewe radikaal. Die soektog na ‘n aanknopingspunt het net een gevolg en die is altyd negatief. Dit gee aan die natuurlike teologie ‘n vastrapplek in die teologie, waaruit dit eintlik nie weer gestoot kan word nie, aangesien dit die dogmatiese denke as sodanig kleur.

Natuurlike teologie kan omskryf word as: Die opvatting dat daar van nature godskennis by die mens aanwesig is, waarby die evangelie aansluit en waarby die verkondiging moet aansluit en wat deur die kerk in sy evangeliserende werksaamheid raakgesien en geakkommodeer moet word. Weereens, teoloë wat langs hierdie weg ‘n toegang tot die geloof soek, doen dit om die sprong van die geloof kleiner en korter te maak. Barth voer heeltemal tereg aan dat die sprong kwalitatief nooit kleiner gemaak kan word nie en dat dit dus gevolglik verreweg die beste is om in *medias res*[1], met die teologie self, te begin. Die aanknopingspunt word altyd beskryf en



[1] Storie of ‘n toneelstuk begin sonder ‘n inleiding

ontwerp as ‘n pleitbesorger vir die teologie, maar dit blyk op die duur altyd dodelik gevaarlik te wees. Dit is hierdeur dat bepaalde vooronderstellings, afkomstig uit godsdienshistoriese, kultuurhistoriese, sosiologiese of sielkundige oord in die teologie ingedra word – vooronderstellings wat later net eenvoudig oorneem.

Barth, *Kirchliche Dogmatik*, (Zollikon 1932) *Für die christliche Glaubenslehre ist die Darstellung zugleich die Begründung.* Daarstelling en begronding. Die gronde of die basis vir die tot stand bring van teologie, die besig wees daarmee impliseer reeds die inhoud. Die een voet kan nie in die (Christelike) teologie en die ander in die religie wees nie. Vir die religie is daar godsdienste met gode en vir die Christelike geloof is daar Een God. Sodoende sal die daarstelling, die wese en die begronding van geloof en belydenis en opleiding tussen ‘n teologiese fakulteit wat hom besig hou om predikante van byvoorbeeld ‘n Reformatoriese kerk op te lei en ‘n religieuse fakulteit waar verskeie denominasies en godsdienste geakkommodeer moet word, noodwendig verskil.

Heinrich Ott - Switserse teoloog, maak ‘n sinvolle en bepalende bydrae tot die gesprek as hy in *Antwort des Glaubens*, (Kohlhammer, 1999) formuleer: ‘n Teoloog kan net teoloog wees omdat hy ‘n gelowige is. Daar kom nog iets by. Hy kan die teologie ook nie in isolasie beoefen nie. Hy kan dit net saam met ander gelowiges in ‘n gemeenskap sinvol bedryf. Hy kan dit net saam met die kerk doen. (Op grond van die gemeenskapstigtende aard van die geloof, wat die gelowige altyd rig op die ander gelowiges, maar dit is ook waar as gevolg van die aard van die wetenskap as sodanig). Die wetenskapsfilosofie se insette van onder andere, Thomas S Kuhn, *The Structure of Scientific Revolutions*, (1962) het bevredigend aangedui **dat** en **waarom** wetenskap in gemeenskap beoefen moet word. Volgens Kuhn aanvaar ‘n **bepaalde gemeenskap** ‘n **bepaalde paradigma** – ‘n probleemoplossingsmodel waardeur die probleem waarmee daardie gemeenskap hom besig hou benader word; ook te verstaan as ‘n verwysingsraamwerk of die bron van ‘n bepaalde groepserkende metodologie, waarbinne sy wetenskaplike aktiwiteit plaasvind. Wetenskaplike arbeid het gevolglik net sin wanneer dit so bedryf word dat ander, wat binne dieselfde paradigma werk, die resultate daarvan kan waarneem en beoordeel.

Religie is verskeie sisteme van geloof, godsdiens en praktyke wat beoefen word. In religie word baie verskillende gode naas mekaar as gesaghebbend aanvaar, byna alle rituele en praktyke word geregverdig om oënskynlik óf die mens van homself te bevry óf die mens te verbeter.

Teologie en religie in een sin naas mekaar, maak alreeds die deur vir godsdienste en baie gode en verlossingsmoontlikhede oop. ‘n Sinkretisme (vermenging van godsdienste, stelsels of denkskole), word geskep wat mense en hulle beskouings akkommodeer. Die Christelike geloof bely: Jesus Christus is Verlosser en Middelaar. Daar is nie nog moontlikhede nie. Een fakulteit? ‘n Mens kan nie God én Mammon dien nie.

- Ds. Antoinette van Zyl (Vrede)